

Meer as oorwinnaars

- Pierre Ballot is oorgeplaas na 'n stepdown na sy heupvervanging. Ons bid steeds vir hom vir die Here se genesing.
- Ons bid nog vir Lilian Strydom se moeder en hoop dat sy elke dag die Here se genade sal ervaar.
- Bid asb vir Lorrie Kriek wat 'n prostaatoperasie ondergaan het en dat die Here saam met hom sal wees op die herstelpad.
- Alex van Wyk, ons koster, was opgeneem maar is weer ontslaan en sukkel tuis met nier- en galstene. Hy verkeer in baie pyn en ons bid vir genesing.

Die Aankondiger

22 November 2020



Prediker: Ds. Chris Jacobs

Skriflesing: Sal aangekondig word

Tema: Sal aangekondig word

Liedere: Sal aangekondig word.

Om dissipel te wees - 4

Verlede keer:

Helen bots twee keer kort na mekaar met die gereg, beland in die tronk waar sy vir 11 dae onder haglike omstandighede aangehou word. Die regering se houding verhard en die meeste kerke en geestelike aktiwiteite word verbied. Sy gaan egter voort om die evangelie te verkondig.

'n Groepie jongmense vra dat sy hulle Bybelstudiegroep lei. Hulle ontmoet mekaar diep in die nag in die kelder van 'n afgesonderde huis. Sy besef dis gevaarlik, maar ry tog met haar fiets daarheen. Een nag, toe sy stilhou en ingaan, sien sy twee jong mans en hoor die een sê "dis sy!".

'n Polisiemanne pluk die deur oop en storm in en slaan hulle met swepe en knuppels. Een gryp haar en sleep haar na buite. Hy verplig haar om haar fiets op 'n vragmotor te laai. Sy probeer, maar die fiets is te swaar vir haar. Elke keer as sy die fiets laat val, slaan hy haar, en sê "Maak gou, jy mors my tyd!" Sy kry reën op haar kop, rug en bene. Later laai hy die fiets op neem haar na die polisiestasie. 'n Vroue bewaarder gryp haar warm serp en sê "Geniet die koue!".

Sy word in 'n sel vol vroue - prostetute, diewe en straatkinders geplaas. Een hoor Helen kan sing, en vra sy moet vir hulle sing.

(Blaai om)

www.boeretrousrykenlekker.co.za
Ateljee nr: 087 821 7113
Boeretrous Rykenlekker
@BoeretrousR
08:00-14:00
Saterdag 5 Desember 2020
180 Monumentlaan,
Lyttelton, Pretoria
René: 012 664 2199
HUIS GIDEON
Pleeghuis Foster Home

Stalletjies 5 Desember

Kontak asb vir René by Huis Gideon as u belangstel om u eie gratis stalletjie te hê. Tel: 0795143290 / 012 664 2199

(Vanaf vorige bladsy)

Om dissipel te wees - 4

Die nag word Helen verskeie kere ondervra. Een keer gaan een van die gevangenis, Amez, saam. Hulle moet vir vier ure in nat modderige gras kniel. Almaz gee haar trui vir Helen. Die vroue bewaarder gryp Helen aan die neus en sleep haar rond, met die opdrag, "Hou op sing!"

Die volgende oggend word sy verder ondervra, oor alles, ook haar geloof. Daarvoor sê sy is sy bereid is om te sterf.

Sy word daarna op 'n vragmotor gelaai en na Adi Abeito, 'n tronk vir weermagde, geneem. Sy weier om te wys dat sy bang is, en bid in stilte. Om hulle te verneder moet hulle by aankoms hulle hul skoene uittrek en kaalvoet oor die klippe terrein loop. Sy word ondervra en later na 'n sinkplaatgebou, waar reeds honderde prisoniers is, geneem. Die mense het reeds baie gely, sommige is baie siek. Daar is net een dokter vir al die siek mense.

Sy kon nie snags slaap nie, lyfseer van die baie houe wat sy gekry het, die baie siek mense wat hoes en opgooi, duisende vlooië en rotte het hulle lewens vergal. Die toilet, 'n oop veld agter die tronk, geen privaatheid nie, baie mense het diaree . . . die wagte neem hulle net op sekere tye daarheen.

Sommige mense word gestraf deur hulle in die "helikopter" posisie te boei – hande agter die rug aan hulle die voete vasgemaak, en buitekant laat lê. 'n Man van die Saudi Arabië se hande was ook agter sy rug geboei. Hy kry blikkieskos om te eet, maar kon dit nie self oopmaak nie. Helen gaan help hom, al mag sy nie.

Na drie weke word sy en ander verskuif na Mai Serwa, – 'n berugte tronk waar gevaarlike langtermyn prisoniers en ernstige kriminele aangehou word.

Wat lê vir haar voor . . .?

TUIN

Ons wil die tuin in die binnehof, waar die kruise is, mooi maak sodat dit gebruik kan word tydens begrafnisse en ander geleenthede.

Ons benodig **WIT** spoelklippe sowel as Plante en Vetplante en vra dat mense wat enigsins kan, vir ons skenk.

Kontak Alex vir enige navrae by **0829283554**



Baie geluk aan almal wat verjaar :

22 - 28 November

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Nel	Willie	11/22		0817313114
Thierry	Hilda	11/22	012 664 3606	0823387951
Ballot	Pierre	11/23	012 6641723	0846458195
Nieuwoudt	Engela	11/23		0842070263
Van Kradenburg	Hannes	11/23		0727276797
Viljoen	Jóbert	11/23		
Olivier	Berry	11/24		0845270088
Albers	Theresa	11/25		0720750789
Kilian	Daan	11/25	012 6676929	0834421250
Wiese	Dieter	11/25		
Erasmus	Dawn	11/26	012 664 2603	0823235793
Swarts	Linda	11/26	012 664 4326	
Louw	Nellie	11/27	012 664 2007	0833949783
Prinsloo	Riethe	11/27		0829579860
Van Aarde	Melanie	11/27		0716856361
Van Zyl	Zander	11/27	012 664 0123	

Wegneem-ete Sondag

29 Nov 2020

Neem asb kennis. Sondag 29 November is daar weer wegneemetes by die kerk. Koue vleis en lekker slaaië. Kaartjies R50 beskikbaar by die Kerkkantoor. Koop en bespreek vroegtydig.